



# Gesinne in Harmonie

Volume 4, Julie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Liewe Ouers,

In die tweede uitgawe van **Ouers in Harmonie** het ons oor God se simfonie-orkes gesels.

Hoewel ons hoofdoel met hierdie nuusblad is om bietjie ondersteuning of toerusting aan ons ouers te gee, kan ons tog nie eintlik die ouers as 'n afsonderlike deel in hierdie orkes sien nie.

Die kinders het reeds hul eie nuusblad, **Die Penniefluitjie**, maar ons het besluit ons gaan nou ons gesinsaktiwiteite ook insluit waar ons kan, so ons het dit goedgevind om die naam van ons nuusblad te verander na **Gesinne in Harmonie**. Dit maak net soveel meer sin!

Julle sal sien dat die **Notas vir die yskas** alreeds 'n bietjie gegroei het. Hou dus maar elke maand se uitgawe op jou yskas... net om julle te help om "met Vergeet af te reken" (verw. April-uitgawe).

Hoewel Leon Tait gehelp het om die **Oase vir Ouers** op die been te kry, neem **Willem Oliver** nou dié ondersteuningsgroep onder sy vlerk. Hy is reeds 'n ou bekende in die gemeente, maar ons verwelkom hom spesifiek by hierdie groep en glo dat dit vir hom en vir julle tot seën sal wees!

Ter wille van duidelikheid vir dié van julle wat sukkel om die hele struktuur in die **Bediening vir Diens** te verstaan, sluit ons dit hieronder in.

Die meeste van julle is seker reeds met vakansie en julle sal sekerlik eers met julle terugkeer hierdie uitgawe onder oë kry.

Al die vorige uitgawes is op ons gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** te kry.

In hierdie uitgawe praat ons bietjie oor hoe ons selfone se batterye gelaai word en hoe ons ons lugtyd bestuur, na aanleiding van 'n versie wat ek by 'n niggie gekry het - sien hieronder in die blokkie:

### *Ou Samuel sê vir die predikant:*

*"Ons is sos die cellphone, als begin by Jesus.*

*Hy's die starterpack, mar ons nodag die airtime, so ons moet bid,*

*en as dji nie op die regte plek staani... eish dan het dji nie die reception nie!*

*Dji is dan te ver van die Here.*

*Djou coverage moet reg wees!*

*Hoop djys goed gecharge vir die dag!"*

Op skool het ons geleer humor beteken dat jy 'lag met 'n traan', en hierdie versie het nogal dié uitwerking op my gehad. 'n Mens wil skeefweg lag vir die kostelikheid van die ou man se taalgebruik, tot jy eintlik die waarheid daaragter raaksien en besef -

- dat jy nie altyd op die regte plek is vir die beste 'reception' nie
- dat jou 'airtime' soms te min is omdat jy nie genoeg tyd maak vir bid nie
- dat ons vergeet om ons batterye te 'charge' en dan nie ons 'selfone' effektief kan gebruik nie, omdat ons vergeet het hoe dit werk.

## *Saam in Sy diens,*

### *Lita*

**NS:** Die afskeurstrokie is weggelaat, maar kontak ons gerus by die details op die agterblad.

## *Notas vir die yskas*

**Kleuterkerk en Junior Kategese in Julie:**

- **24 Julie** - Begin van Derde Kwartaal
- **31 Julie** - Gewone klasse

## *Manne-Oase*

- **6 Julie 2011 - 18:30**

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

## *Belydenisgroep 2011*

- **26 Julie 2011 - 18:30**

Kwartaalsessie by Ds Leon Tait - skryf toets oor alle vorige werk en dan klas tot 21:00

## *Ouer-Oase*

- **28 Julie 2011 - 18:30**

DVDs word in die saal vir die kinders gewys, so julle is welkom om hulle saam te bring.

Dis nie net vir ouers met probleme nie, maar ook vir dié wat hul positiewe belewenisse wil deel!

## Wederkoms

God het as magtige magneet  
Sy vinger  
deur 'n wit wolk  
gesteek:

dakke en bome en mense  
en buig krom  
soos alles ontsyker, ontwortel, ontaarde  
na Hom

DJ Opperman

## *Bediening vir Diens - samestelling*

Bediening v Diens - Peet Dorfling

Taakspan vir Kinders - Lita Spreeth

Taakspan vir Jeug - DJ Muller

Taakspan vir Gesinne - Basson Geldenhuys

- **Oase vir Ouers** - Willem Oliver
- **Oase vir Manne** - vakant op dié stadium

Taakspan vir Vroue - Brenda Barnard

Taakspan v Senior Burgers - Ds Dirk van Zyl

## *Belydenisaflegging*

- **28 Augustus** tydens die aandiens

Vir almal wat voor 2011 die belydenisklasse gedoen het.

Afsprake vir persoonlike geestelike gesprekke met Ds Leon Tait **moet voor 19 Augustus** plaasvind, so maak dit betyds!



# Gesinne in Harmonie

Volume 4, Julie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Selfone, seine en batterye...

Het jy al by 'n kamp gesien hoe 'n klomp stadsjapies rondhardloop met hul selfone in die lug om te probeer om 'n netwerksein te kry? Kompleet net soos 'n vlakvark en haar kleintjies met hul stertjies in die lug as hulle



weghardloop!

Elke tweede tiener (én grootmens) het deesdae 'n Blackberry of iets soortgelyks en is skoon van koers af as hulle vir 'n ruk daarsonder moet klaarkom!

Wat gebeur as jy of jou tiener nie die selfoon byderhand het nie of as die battery pap is?

Kan jy jou die lewe sonder jou selfoon voorstel?

Is dit nie ongelooflik hoe ons vasgevang geraak het in die net van elektronika nie?

- selfone
- rekenaars
- eposse
- TV
- Mxit
- Facebook
- Twitter
- Tablets
- I-phones
- MP3-players
- internet

Oral waar mens kom, maak elektronika die lewe vir die meeste van ons geriefliker, vinniger, meer pret of meer

prakties.

Party mense gaan nie eens na daai kleinste vertrekke in die huis toe sonder om die selfoon saam te vat nie!

Kinders verleer die vermoëns om sosiaal met hul vriende te verkeer, want hulle gesels meestal via die selfone en hulle vingers. Hul luistervaardighede verswak, want die meeste van die tyd kyk hulle prentjies.

Ouers verleer om hul kinders in die oë te kyk en reguit te gesels oor die dinge wat saakmaak in die lewe.

Hoe leer mens die emosies en lyftaal van jou kinders, ouers en vriende verstaan as daar nooit tyd is om direk met hulle te kommunikeer nie?

Hoeveel van ons hou ons battery vol gelaaie?

En nou praat ek nie van die Blackberry nie, maar ons lewensbattery.

Of is die gejaag van die lewe ook vir jou soms te veel en laat dit jou voel om tog net iewers te gaan stilsit waar daar glad nie selfoonopvangs

is nie?

Soos 'Ou Samuel' op die eerste bladsy gesê het: "als begin by Jesus".

Ons sit almal met die 'starter pack' en die 'guidelines' en het net nodig om meer tyd te maak om weer ons battery te herlaai en op die regte plekke te wees om die beste opvangs te kry.

En tog is dit een van die moeilikste dinge om te doen, want ons lewens is so gejaag dat die helfte van ons nie eens teen tienuur soggens weet watter klere ons wederheltes of kinders op daardie oggend aangetrek het nie!

Dalk het dit tyd geword dat ons weer gereeld ons battery herlaai en seker maak dat ons weet hoe ons lewensselfone werk en dat ons genoeg lugtyd het.

'n Battery wat voor jou bed in die laai lê, kan tog nie jou selfoon herlaai nie!

- As jy nie weet hoe om 'n selfoon effektief te gebruik nie, lees die handleiding
- Battery moet ingeprop word om te herlaai
- Lugtyd moet gekoop word en dan opgelaaie word om gebruik te kan word
- Selfone werk net as hulle behoorlike opvangs het - en daarvoor moet jy in 'n opvangsgebied wees

Haal vandag dus jou battery uit die laai en leer hoe om lugtyd te koop en waar jy moet wees om die beste opvangs te kry!

### Jesaja 40:31

Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.

Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

## Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jousef
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

-Anoniem -

## Gemeentekamp

14-16 Oktober 2011



Emmerentia Geldenhuys  
Kampterrein

Besprekings by Basson  
Geldenhuys asseblief!

Tel: 071 6488 656

[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

## Johannes 14:6

Ek is die weg, en die waarheid en die lewe.

Niemand kom na die Vader toe, behalwe deur My nie



# Gesinne in Harmonie

Volume 4, Julie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Wat doen TV aan my kind?

Die kassie het in die 70-er jare in Suid-Afrika sy opwagting gemaak - die meeste van ons kan nog **Haas Das se Nuuskas** met Riaan Cruywagen onthou.

In die **Vroukeur** van 30 April 2010 was 'n artikel "**Hy wil net TV kyk!**" waarin die skrywer Dr Aric Sigman aanhaal om te sê dat studies in Engeland bewys het dat die gemiddelde 3-5-jarige kind sowat vyf uur op 'n dag TV kyk en die meeste van hulle selfs TV's in hul kamers het wat aanleiding tot vele ontwikkelingsprobleme gee.

In dieselfde artikel dui **Dr Erik Peper**, 'n psigoloog, aan dat die geweldige volume plaaslike en internasionale tragedie wat ons elke dag op TV sien, kinders desensiteer vir die nood en probleme van hul medemens.

Skep TV jou kind se rolmodelle?

Natuurlik het TV ook voordele - kinders kan leer van wat in die wêreld aangaan, die verskillende lande, kulture, ens, en boonop is dit vermaak en hou die kinders onder die ouers se voete uit!

Die **Universiteit van Michigan** het op hulle webblad 'n artikel genaamd "**Television and Children**" waarin hulle aandui dat te veel ure voor die TV die volgende kan veroorsaak:

- swak slaappatrone, obesiteit/swak eetgewoontes, leerprobleme, swak punte, aanvaarding van geweld as deel van probleemoplossing, ens.

Hierdie artikel gee baie volledige inligting ten opsigte van die invloed van TV, raad vir ouers hoe om dit te hanteer, ens. Lees dit gerus - daar is nie genoeg plek om dit hier te bespreek nie!

Wietske Boon, 'n Gautengse speel-terapeut, gee heelwat riglyne aan ouers op haar webblad (<http://www.childtherapist.co.za/afrikaans/TV.html>) en sê: "Dit is nie die TV se werk om kinders op te voed nie. 'n Ouer behoort beskikbaar te wees wanneer die kind TV kyk, sodat hy vrae kan beantwoord of leiding kan gee waar nodig."

Soos met baie ander dinge, is die kyk van TV nie verkeerd nie, maar dat daar wel besin moet word waarna ons kyk en hoeveel tyd ons voor die TV deurbring, is nie te betwyfel nie.

Die grondbeginsels vir Christen-ouers behoort te wees **om te weet** waarna hul kinders kyk, **self die voorbeeld te stel**, en **nie toe te laat** dat die TV die plek van gesinstyd inneem nie.

## Al ooit so gevoel....?

### Die maklikste mielietert

Ter wille van al die Blou Bulle in die gemeente, sluit ek hierdie resep in - lyk tog na iets wat sommer maklik gemaak kan word en lekker sal werk saam met braaivleis op 'n Saterdag!

#### Bestanddele

- 4 eiers
- 1 koppie bruismeel
- 2 tot 4 eetlepels suiker (30 tot 60 ml)
- 4 eetlepels botter, gesmelt
- 1 teelepel vanielje-ekstrak
- 2 blikke roommielies

#### Metode

Voorverhit die oond tot 180 grade (Dis nou C nie F nie!)

Meng warm, gesmelte botter met mielies en dan die res van die bestanddele by en klits goed met 'n elektriese klitser.

Giet in 'n oondbak en bak vir een uur tot goudbruin.

(Fritz Brand se blog op [www.realmencancook.co.za](http://www.realmencancook.co.za))



*Once a happy thought gets started, you can't help but feel warm-hearted.*  
*Anonymous*

*Paulus se geheim!*

*As jy wil weet wat Paulus se geheim vir geluk was, lees Kolossense 3:12-17*

#### Seënwense

May you always have work for your hands to do  
May your pockets hold always a coin or two  
May the sun shine bright on your windowpane  
May the rainbow be certain to follow each rain  
May the hand of a friend always be near you  
And may God fill your heart with gladness to cheer you

- An Irish Blessing



# Gesinne in Harmonie

Volume 4, Julie 2011  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boekwurms

Jy is wat jy lees!  
Leer dus jou kinders om  
te onderskei ook in dit  
wat hulle lees!

## Fliekvlooi

Volledige Christelike  
resensies vir films is beskikbaar  
op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

## Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

[kinders@rietfontein-  
suid.ng.org.za](mailto:kinders@rietfontein-suid.ng.org.za)

of

[diens@rietfontein-  
suid.ng.org.za](mailto:diens@rietfontein-suid.ng.org.za)

## Handige webtuistes vir Ouers

Ek het hier 'n lysie van handige webtuistes wat julle kan gebruik, gemaak. Die meeste hiervan is spesifiek gemik op opvoeding en kinderontwikkeling, skooltake, boeke en fliks, maar kyk gerus self.

- 'n Nuttige soekenjin in Afrikaans: [Soek-afrikaans.co.za](http://Soek-afrikaans.co.za)
- [www.kleuters.co.za](http://www.kleuters.co.za) is spesifiek gemik op kleuters en hul opvoeding, maar daar is ook rympies, rekenaarspeletjies, stories, idees om kleuters besig te hou, skoolgereedheidsinligting, en vele meer hierop. Daar is selfs 'n afdeling waar jy Disney DVDs kan bestel en ook die klassieke Heidi - stories, ens, en 'n hele afdeling oor Kindersiektes en die simptome waarna jy moet oplet. Hulle het 'n hele lys van kleuterskole in Suid-Afrika wat byvoorbeeld Graad R aanbied en ook 'n afdeling oor die voor- en nadele van tuisonderrig. Beslis die moeite werd om te besoek!
- Op [filaflooi.co.za](http://filaflooi.co.za) kan jy die mooiste t-hempies met ou Afrikaanse kinderrympies of woorde soos "aspata", ens bestel. Hulle wil kinders meer bewus maak van die Afrikaanse taal. Gaan loer gerus daar!
- 'n Bymekaarkomplek vir ouers, onderwysers, opvoeders en somer almal wat passievol oor Afrikaans is - kyk op [www.holderstebolder.co.za](http://www.holderstebolder.co.za)
- [Storiwerf](http://Storiwerf) word aangebied 'saam met woordvrate en storiemakers van alle soorte en groottes' - loer gerus hierop ook vir resensies van allerhande Afrikaanse storieboeke. As jy gedink het ons het nie genoeg storieboeke in Afrikaans vir ons kinders nie, sal jy gou tot ander insigte kom! Hier is selfs die nuttigste wenke vir 'n goeie redenaars-toespraak. Aangebied deur Potchefstroomse Onderwyskollege (Pukke)
- Vir skooltake is daar heelwat bronne in Afrikaans, waarvan julle seker alreeds bewus is, maar ek lys die mees algemeen bekende groepie -
  - [www.skooltake.co.za](http://www.skooltake.co.za)
  - [www.dieknoop.co.za](http://www.dieknoop.co.za)
  - [www.mieliestronk.com](http://www.mieliestronk.com)
  - [Wikipedia in Afrikaans](http://Wikipedia in Afrikaans)
- Die Griffel is ook 'n lekker Afrikaanse webtuiste en hulle ondersteun ook CUM Boeke. Dit is tans onder konstruksie, hier is die adres vir die toekoms: [www.diegriffel.co.za](http://www.diegriffel.co.za)

Hierdie paar is nie naastenby 'n lys van alles wat op die internet in Afrikaans beskikbaar is nie, maar dit behoort vir die meeste van julle 'n goeie afskopplek te gee.

Die skakels is ingebou in die name, so jy kan net daarop klik om te gaan kyk wat daar aangaan.

Geniet die snuffelery op die web!

## Taakspan vir Kinders

**Lita Spreeth (Red.)**

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

[lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)

## Taakspan vir Gesinne

**Basson Geldenhuys**

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

## Oase vir Ouers

**Willem Oliver**

Telefoonnommer:

082 455 6671

Epos:

[willnet@impakonderwys.co.za](mailto:willnet@impakonderwys.co.za)

## Bediening vir Diens

**Peet Dorfling**

Telefoonnommer:

084 464 7102

Epos:

[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)

Besoek ons gemeente se  
webwerf en kyk onder

**Die Koffiepot**  
vir Volume 1-3 van  
Ouers in Harmonie en  
nou Gesinne in Harmonie!